Gedurende die eerste kwartaal van 1971 was daar egter sekere tekens van 'n verandering in die ekonomiese toestand merkbaar. Die koers van toename van totale monetêre vraag, soos weerspieël in bruto binnelandse besteding, het nie voortgegaan om teen 'n vinniger koers as die bruto nasionale produk te styg nie met die gevolg dat invoer sowel as die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans nie verdere progressiewe toenames soos gedurende 1970 getoon het nie. In sekere sektore van die volkshuishouding het 'n geringe verbetering in die arbeidstoestand skynbaar ook voorgekom en die styging in verbruikerspryse het, afgesien van die verwagte invloed van die verkoopreg en die opwaartse aanpassings in geadministreerde pryse, nie verder versnel nie. Lopende

owerheidsbesteding het egter skerp toegeneem, private verbruiksbesteding het weer toegeneem na 'n aanmerklike verlangsamings in die vierde kwartaal van 1970 en voorraadopbouing het voortgeduur, terwyl totale vaste investering min verandering getoon het. Aangesien die styging in owerheidsbesteding hoofsaaklik die gevolg was van die opwaartse aanpassings in salaris- en loonskale vanaf die begin van Januarie, sal dieselfde koers van toename waarskynlik nie in die tweede kwartaal herhaal word nie, terwyl die voorraadopbouing wat nou al reeds ononderbroke vir twee jaar voortduur en voorrade op 'n baie hoë peil gebring het, in die nabye toekoms ten einde mag kom. Veranderinge in voorrade kan derhalwe in die nabye toekoms van strategiese belang in die beïnvloeding van ekonomiese ontwikkelings wees.

Op die terrein van geld- en bankwese het die posisie onder beheer gebly aangesien die monetêre owerhede voortgegaan het met kredietbeheer ten einde te help om oormatige monetêre vraag te beperk. Amptelike rentekoerse is meer in ooreenstemming gebring met koerse wat deur die privaatsektor gekwoteer word en die likwiede batevereistes en kredietplafonne is onveranderd gelaat. Die hoeveelheid geld en kwasi-geld is egter aangevul deur 'n aansienlike afname in die netto deposito's van die regeringsektor by die banksektor. Gedurende April het 'n verdere afname in netto regeringsdeposito's, wat hoofsaaklik seisoenaal van aard was, voorgekom.

Ontwikkelings in die kapitaalmark gedurende die eerste kwartaal van 1971 is gekenmerk deur 'n voortgesette onewewig tussen die aanvraag na en aanbod van fondse in die mark vir vaste-rentedraende effekte, 'n matige herstel in aandelepryse as gevolg van aansienlike aankope deur buitelanders van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, en 'n invloed van fondse na die bouverenigings. Volgens gegewens vir April het die bouverenigings gedurende dié maand 'n aansienlike afname in die invloed van fondse ondervind.

Nasionale rekeninge

Verlangsame in groeikoers

Nadat dit gedurende die eerste twee kwartale van 1970 teen 'n jaarlikse koers van 10 persent gestyg het, het die bruto binnelandse produk teen heersende markpryse gedurende die laaste twee kwartale van 1970 en die eerste kwartaal van 1971 teen 'n stadiger koers van ongeveer 7 persent toegeneem. Bruto bedryfsurplus (hoofsaaklik winste) het gedurende elk van die afgelope drie kwartale gedaal, terwyl vergoeding van werknemers voortgegaan het om teen hoë koerse toe te neem en derhalwe uitsluitlik vir die styging in die bruto binnelandse produk gedurende hierdie periode verantwoordelik was.


Die verdere skerp toename in vergoeding van werknemers gedurende die eerste kwartaal van 1971 was in 'n groot mate aan die toename in die salaris- en loonskale van die werknemers van sentrale en provinsiale owerhede vanaf Januarie 1971, toe te skryf. Die afname in die bruto bedryfsurplus gedurende die eerste kwartaal van 1971 het uit dalings in die sektore landbou en mynbou voortgespruit, terwyl geen ander sektor 'n noemenswaardige toename in bruto bedryfsurplus getoon het nie. Laer opbrengste van wolverkope het die meeste tot die daling in die bedryfsurplus van die landbou bygedra, en 'n afname in diamantverkope sowel as stygende koste was hoofsaaklik vir die verdere

daling in die bruto bedryfsurplus van die mynbou-sektor verantwoordelik. Die afname in bruto bedryfsurplus was gevolglik hoofsaaklik aan eksterne faktore en nie aan 'n trae binnelandse vraag nie, toe te skryf.


Verdere aansienlike toename in bruto binnelandse besteding

In teenstelling met ontwikkelings gedurende die tweede helfte van 1970 toe bruto binnelandse besteding vinniger as bruto nasionale produk gestyg het, het beide teen ongeveer dieselfde persentasie gedurende die eerste kwartaal van 1971 toegeneem. Desnieteenstaande het bruto binnelandse besteding nog steeds bruto nasionale produk met 'n aansienlike bedrag oorskry, met die gevolg dat 'n baie groot tekort weer eens op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken is. Alhoewel 'n verdere aanmerklike netto toevoeging tot voorrade gedurende die eerste kwartaal van 1971 aansienlik tot hierdie groot tekort bygedra het, het die totaal van die ander komponente van bruto binnelandse besteding, naamlik private en owerheidsverbruiksbesteding en bruto binnelandse vaste investering van die private en die openbare sektor, ook bruto nasionale produk


Bruto binnelandse produk




Bruto nasionale produk en binnelandse besteding



Bruto binnelandse besteding



Veranderings in totale voorrade



gedurende hierdie kwartaal oorskry. Die oormatige binnelandse vraag was derhalwe nie alleen aan verdere aansienlike toevoegings tot voorrade toe te skryf nie, maar ook aan die té hoë vlak van besteding aan die ander komponente van binnelandse besteding. Hierdie ontwikkeling maak dit selfs meer noodsaaklik om die oormatige koers van toename in totale monetêre vraag, soos gemeet deur bruto binnelandse besteding, in te kort.

Verdere toename in verbruiksbesteding

Nadat dit gedurende die vierde kwartaal van 1970 slegs effens gestyg het, hoofsaaklik as gevolg van dalings in die uitgawe aan duursame en semi-duursame goedere, het private verbruiksbesteding gedurende die eerste kwartaal van 1971 weer aansienlik gestyg. Besteding aan dienste en nie-duursame goedere het voortgegaan om teen ongeveer dieselfde koers toe te neem, maar besteding aan semi-duursame goedere het skerp gestyg. Besteding aan duursame goedere wat gedurende die vierde kwartaal van 1970 aansienlik gedaal het as gevolg van die beperkende maatreëls ten opsigte van verbruikerskrediet wat in Oktober 1970 ingestel is, het effens herstel en gedurende die eerste kwartaal van 1971 matig toegeneem. Die herlewing van die besteding aan duursame goedere, veral aan meubels en huishoudelike toestelle, kan deels aan die verslapping van huurkoop-kredietbeperkings in Februarie 1971 toegeskryf word, ofschoon die uitwerking van die verslappings in 'n sekere mate deur die gelyktydige instelling van hoër verkoopreg geneutraliseer is. Die verhoogde besteding aan meubels en huishoudelike toestelle is egter in 'n groot mate deur 'n verdere daling in besteding aan nuwe motors, insluitende besteding aan handelsvoertuie in die mate waarin dit deur private huishoudings gebruik is, teengewerk.

Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het as gevolg van die verhoging van salarisse en lone van die werknemers van sentrale en provinsiale owerhede vanaf Januarie 1971 gedurende die eerste kwartaal van 1971 'n verdere skerp toename getoon.

Min verandering in bruto binnelandse vaste investering

Bruto binnelandse vaste investering, wat gedurende die vierde kwartaal van 1970 effens gedaal het, het weer gedurende die eerste kwartaal van 1971 herstel. Toenames in die besteding aan vervoertoerusting en masjinerie en ander toerusting is gedeeltelik deur afnames in die uitgawe aan geboue en konstruksiewerke geneutraliseer.

Ingedeel volgens tipe ekonomiese aktiwiteit, het die sektor vervoer, opberging en kommunikasie die grootste toename getoon, hoofsaaklik as gevolg van aansienlike toenames in die besteding deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Poskantoor. Vaste investering deur die sektor wat elektrisiteit, gas en

water voorsien, het ook merkbaar toegeneem hoofsaaklik as gevolg van verhoogde besteding deur die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie. Nadat dit 'n baie hoë vlak gedurende die derde kwartaal van 1970 bereik het, het kapitaalbesteding deur die fabriekswese-sektor (hoofsaaklik openbare korporasies en private ondernemings) vir die tweede agtereenvolgende kwartaal effens gedaal. Vaste kapitaalbesteding deur mynbou het gedurende die eerste kwartaal van 1971 'n aansienlike daling getoon en die besteding aan gemeenskaps- en maatskaplike dienste deur die sentrale, provinsiale en plaaslike owerhede was gedurende hierdie tydperk ook laer.

Vaste investering deur openbare owerhede en openbare korporasies het gedurende die eerste kwartaal van 1971 toenames getoon, maar hierdie toenames is grotendeels deur 'n afname in die kapitaalbesteding deur die privaatsektor geneutraliseer.

Verdere groot netto toevoeging tot voorrade

'n Aansienlike verdere netto toevoeging tot voorrade van meer as R1 000 miljoen (voor aansuiwering vir voorraadwaardering en teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkeers gereken), is gedurende die eerste kwartaal van 1971 gemaak. Alhoewel toevoegings tot feitlik alle tipes voorrade voorgekom het, is die grootste toevoegings deur nywerheids- en handelsvoorrade en landbouvoorrade in die handel aangeteken. Die totale opbouing van voorrade vanaf die tweede kwartaal van 1969 tot die eerste kwartaal van 1971 (d.w.s. vir agt kwartale) het nagenoeg R1 300 miljoen bedra, waarvan nywerheids- en handelsvoorrade ongeveer R1 000 miljoen bygedra het. Dit is derhalwe nie verbasend nie dat totale voorrade as 'n persentasie van bruto binnelandse produk gedurende die afgelope drie jaar toegeneem het tot 38,1 persent in 1970 vergeleke met 'n gemiddelde jaarlikse persentasie van 36,0 in die voorafgaande tien jaar. 'n Staking van die voorraadopbouing sal gewis die druk op die betalingsbalans verlig en mag tot 'n beter ewewig tussen die binnelandse vraag na en aanbod van goedere en dienste lei.

Onvoldoende binnelandse besparing

Selfs nadat dit 'n styging gedurende die eerste kwartaal van 1971 getoon het was bruto binnelandse besparing nog steeds onvoldoende om bruto binnelandse investering, d.w.s. bruto vaste- en voorraadinvestering, te finansier. Buitelandse fondse is gevolglik weer eens op groot skaal vir die finansiering van bruto binnelandse investering aangewend.

Produksie en werkverskaffing

Die volume van fabrieksproduksie, soos gemeet deur die gemiddelde peil van die seisoensaangesuiwerde indeks, was in 1970 5,2 persent hoër as in 1969 en die koers van toename was dus betekenisvol kleiner as die besonder hoë koers van 10,2 persent wat in 1969 behaal is. Dit is egter noemenswaardig dat die duidelike afplating in die produksie-indeks, wat vanaf

April tot November 1970 waarneembaar was, in Desember gestuit is toe die indeks skerp gestyg het. Alhoewel 'n waarneming vir een enkele maand altyd versigtig geïnterpreteer moet word, is dit betekenisvol dat die styging in produksie gedurende Desember in feitlik al die hoofnywerheids-groepe weerspieël is.

Totale ure gewerk in die fabriekssektor het regdeur 1970 toegeneem en was gemiddeld 6,1 persent hoër as in 1969. Met produksie wat slegs met 5,2 persent gestyg het, wil dit voorkom asof die gemiddelde produksie per uur in die fabriekssektor met ietwat minder as 1 persent gedaal het. Werkverskaffing het met 6,3 persent toegeneem, terwyl oortyd gewerk teen 'n laer koers gestyg het. Bykomend tot die toename in sy arbeidsmag, het die fabrieksektor ook sy vaste investering met 31 persent verhoog, sodat bykomende produksiekapasiteit geskep is.

Mynbouproduksie en bedrywigheid in die konstruksiesektor het voortgegaan om regdeur 1970 toe te neem, alhoewel laasgenoemde sektor tekens getoon het om teen die einde van 1970 en vroeg in 1971 minder veerkragtig te word. Die volume van sementproduksie het gedurende die eerste kwartaal van 1971 skerp gedaal, en indekse soos die waarde van bouplanne goedgekeur, die waarde van groothandelsverkope van boumateriaal en nuwe voorskotte deur bouverenigings toegestaan vir die konstruksie van nuwe geboue, het vroeg in 1971 ook 'n afwaartse neiging getoon. Die waarde van transaksies in vaste eiendom het regdeur 1970 en gedurende die eerste kwartaal van 1971 gedaal.

Die voortgesette opwaartse neiging in werkverskaffing (in die nie-landbousektore van die ekonomie het dit met 4,5 persent gedurende 1970 gestyg), in die besonder in die sektore konstruksie, mynbou, fabriekswese en die Poskantoor, is ook in 'n voortgesette daling in die getal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiate weerspieël. Gedurende die eerste kwartaal van 1971 het laasgenoemde syfer egter in 'n mate toegeneem maar is nog steeds op 'n baie lae peil.

Pryse

Die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks het met 5,2 persent van April 1970 tot April 1971 toegeneem, vergeleke met 'n toename van 4,2 persent van Desember 1969 tot Desember 1970. Indien die invloed van die hoër verkoopreg wat in Februarie 1971 ingestel is, uitgesluit word was eersgenoemde koers van toename 4,7 persent vergeleke met slegs 3,7 persent van Maart 1970 tot Maart 1971. 'n Opmerlike styging het derhalwe gedurende April in die verbruikersprysindeks voorgekom nie slegs as gevolg van die invloed van die verkoopreg nie maar ook in 'n groot mate as gevolg van aansienlike opwaartse aanpassings in geadministreerde pryse en pos- en spoorwegtariewe. Die pryse van klerasie en skoeisel het die kleinste styging getoon.

Verbruikerspryse

Persentasiekoers van verandering in seisoens-aangesuiwerde indeks

	Des. 1969- Des. 1970	Mrt. 1970- Mrt. 1971	Apr. 1970- Apr. 1971
Dienste:	5,6	5,0	6,2
Behuising	5,4	5,0	5,3
Ander	5,8	5,1	7,8
Goedere:	3,2	3,5	4,6
Voedsel	5,2	3,7	4,1
Meublement en toerusting	2,5	3,9	4,6
Klerasie en skoeisel	2,0	1,6	2,0
Aankoop van voertuie	1,8	6,0	7,5
Totaal	4,2	4,1	5,2




Seisoensaangesuiwerde groothandelspryse het tussen April 1970 en April 1971 met 5,1 persent toegeneem vergeleke met 3,9 persent in 1970. Ná uitsluiting van die invloed van die verkoopreg het groothandelspryse vanaf April 1970 tot April 1971 met 4,7 persent toegeneem vergeleke met 'n toename van 3,5 persent in die twaalf maande Maart 1970 tot Maart 1971. Net soos in die geval van verbruikerspryse het 'n aansienlike versnelling dus in die koers van toename van groothandelspryse gedurende April 1971 voorgekom, nie slegs as gevolg van die invloed van die verkoopreg nie maar ook as gevolg van opwaartse aanpassings in geadmistrateerde pryse en aksynsregte, stygings in vleispryse en 'n verdere versnelling in die koers van toename van die pryse van ingevoerde goedere. Laasgenoemde styging bevestig dus die indruk dat prysstygings in die res van die wêreld bydra tot die hoër koers van toename in binnelandse pryse.

Groothandelspryse

Persentasiekoers van toename in seisoens-aangesuiwerde indeks

	Des. 1969- Des. 1970	Mrt. 1970- Mrt. 1971	Apr. 1970- Apr. 1971
Goedere geproduseer in			
Suid-Afrika:			
Landbou, ens.	3,9	3,6	5,2
Fabriekswese	5,9	2,6	5,3
Drank en tabak	4,0	4,2	5,8
Tekstiele, klerasie en skoeisel	3,0	5,0	14,7
1,7	2,0	2,2	
Basiese metale en produkte	11,8	10,1	8,8
Masjinerie en vervoer-toerusting	3,0	5,5	5,0
Voedsel	3,9	3,3	5,7
Ander	1,3	0,8	-1,1
Ingevoerde goedere	3,0	3,7	4,2
Totaal	3,9	3,8	5,1

Verbruikerspryse




Betalingsbalans

Verbetering in lopende rekening

Die lopende rekening van die betalingsbalans het gedurende die eerste kwartaal van 1971 'n geringe verbetering getoon maar het nogtans 'n tekort van R297 miljoen vergeleke met 'n rekord kwartaallike tekort van R316 miljoen in die vierde kwartaal van 1970, getoon. Die volgehoue verswakking van die

lopende rekening gedurende 1970 is dus gestuit. Hierdie verandering is hoofsaaklik teweeggebring deur 'n beëindiging van die sterk opwaartse neiging van goedere-invoer wat gedurende die afgelope twee jaar die hoofsaak van die aanhoudende verslegting van die lopende rekening was. 'n Aansienlike afname in goedere-uitvoer gedurende die eerste kwartaal is gedeeltelik deur 'n groot afname in netto dienste-betalings geneutraliseer, terwyl netto goudproduksie min verander het.


Lopende rekening van die betalingsbalans




Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het goedere-invoer, na aansuiwerings vir betalingsbalans-doeleindes, R2 917 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1971 en die vierde kwartaal van 1970 beloop. Dit verteenwoordig 'n beëindiging van die progressiewe toename in invoere wat duidelik blyk uit die syfers vir die eerste drie kwartale van 1970, nl. R2 302 miljoen, R2 530 miljoen en R2 567 miljoen, onderskeidelik. Ingedeel volgens gebruik en stadium van produksie, het alle klasse van goedere-invoer 'n styging getoon maar gedurende die tweede helfte van 1970 het invoer van veral verbruikers-goedere skerp toegeneem.

Goedere-uitvoer het steeds swak presteer en het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R1 436 miljoen in die vierde kwartaal van 1970 tot R1 300 miljoen in die eerste kwartaal van 1971 afgeneem,

Saldo op lopende rekening



Invoer



d.w.s. met 9 persent. Hierdie skerp afname in goedere-uitvoer was die gevolg van aansienlike afnames in die uitvoer van mielies, wol en diamante. As 'n terugblik gewerp word was die prestasie van uitvoere in 1970 baie swak. Inderwaarheid was uitvoere as 'n persentasie van bruto binnelandse produk in 1970 laer as in enige jaar gedurende die na-oorlogse tydperk.

Netto dienstebetalings het gedurende die eerste kwartaal van 1971 afgeneem as gevolg van 'n afname in dienstebetalings en 'n styging in dienste-ontvangstes. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het dienstebetalings vanaf R1 167 miljoen in die vierde kwartaal van 1970 tot R1 107 miljoen in die eerste kwartaal van 1971 afgeneem. Dienste-ontvangstes het aan die ander kant 'n geringe toename vanaf R563 miljoen in die laaste kwartaal van 1970 tot R565 miljoen in die eerste kwartaal van 1971 getoon as gevolg van klein toenames in vervoer- en ander dienste-ontvangstes.

Volgehoue groot netto invloeiing van kapitaal

Netto invloeiing van buitelandse kapitaal ten bedrae van R217 miljoen het gedurende die eerste kwartaal van 1971 voorgekom en het die vorige hoogste kwartaalsyfer, nl. R217 miljoen wat in die vierde kwartaal van 1970 aangeteken is, geëwenaar. Die netto kapitaalinvloeiing na die sentrale regering en bank-

sektor, hoofsaaklik in die vorm van langtermynlenings, het R35 miljoen bedra, terwyl die netto invloeiing na die privaatsektor vir die res, naamlik R182 miljoen, verantwoordelik was, waarvan R39 miljoen deur openbare korporasies ontvang is.

Langtermynkapitaal het R114 miljoen of meer as 62 persent van die netto invloeiing na die private sektor gedurende die eerste kwartaal van 1971 bedra. Dit is betekenisvol dat van hierdie bedrag nie minder nie as R45 miljoen verantwoord is deur netto aankope deur buitelanders van Suid-Afrikaanse effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word. Gedurende 1970 as geheel was effektebeurs-transaksies slegs vir 'n netto invloeiing van R50 miljoen verantwoordelik, sodat die effektebeurs weer eens 'n belangrike kanaal vir die belegging van langtermyn buitelandse fondse in Suid-Afrika was. Die netto invloeiing van korttermynkapitaal na die private sektor, insluitende foute en onaangetekende transaksies, was vir die balans van R68 miljoen verantwoordelik en het hoofsaaklik uit groter handelskrediete, wat met die besonder hoë peil van goedere-invoer verband hou, bestaan.

Matige afname in goud- en buitelandse reserwes

Die netto gevolg van die tekort van R297 miljoen op die lopende rekening en die netto kapitaalinvloeiing van R217 miljoen was 'n afname van R80 miljoen in die goud- en buitelandse valuta-reserwes gedurende die eerste kwartaal van 1971. Met inbegrip van die tweede toekenning van Spesiale Trekkingsregte ten bedrae van R15 miljoen het die totale goud- en buitelandse reserwes met slegs R65 miljoen afgeneem. Gedurende hierdie tydperk het die besit van die regering 'n geringe afname getoon en dié van die Reserwebank het met R45 miljoen afgeneem, terwyl die besit van ander monetêre banke met R19 miljoen gedaal het.

Ontwikkelings gedurende April


Die goud- en buitelandse reserwes van die Reserwebank het gedurende April met 'n verdere R17 miljoen afgeneem terwyl die Regering se besit aan valuta-reserwes met omtrent R1 miljoen toegeneem het. Volgens die statistiek van die Departement van Doeane en Aksyns (nie aangesuiwer vir betalingsbalansdoeleindes nie) het invoere vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R3 050 miljoen in Maart tot R2 774 miljoen in April afgeneem terwyl uitvoere vanaf R1 379 miljoen in Maart tot R1 390 miljoen in April toegeneem het.

Monetêre en banktoestand

Styging in geld en kwasi-geld

Nadat dit gedurende 1970 slegs matig met ongeveer 5½ persent gestyg het, het die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die eerste kwartaal van 1971 met net meer as R100 miljoen,

Totale kapitaalbewegings



Betalingsbalans

Verbetering in lopende rekening

Die lopende rekening van die betalingsbalans het gedurende die eerste kwartaal van 1971 'n geringe verbetering getoon maar het nogtans 'n tekort van R297 miljoen vergeleke met 'n rekord kwartaallike tekort van R316 miljoen in die vierde kwartaal van 1970, getoon. Die volgehoue verswakking van die

lopende rekening gedurende 1970 is dus gestuit. Hierdie verandering is hoofsaaklik teweeggebring deur 'n beëindiging van die sterk opwaartse neiging van goedere-invoer wat gedurende die afgelope twee jaar die hoofsaak van die aanhoudende verslegting van die lopende rekening was. 'n Aansienlike afname in goedere-uitvoer gedurende die eerste kwartaal is gedeeltelik deur 'n groot afname in netto dienste-betalings geneutraliseer, terwyl netto goudproduksie min verander het.


Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het goedere-invoer, na aansuiwerings vir betalingsbalans-doeleindes, R2 917 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1971 en die vierde kwartaal van 1970 beloop. Dit verteenwoordig 'n beëindiging van die progressiewe toename in invoere wat duidelik blyk uit die syfers vir die eerste drie kwartale van 1970, nl. R2 302 miljoen, R2 530 miljoen en R2 567 miljoen, onderskeidelik. Ingedeel volgens gebruik en stadium van produksie, het alle klasse van goedere-invoer 'n styging getoon maar gedurende die tweede helfte van 1970 het invoer van veral verbruikers-goedere skerp toegeneem.

Goedere-uitvoer het steeds swak presteer en het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R1 436 miljoen in die vierde kwartaal van 1970 tot R1 300 miljoen in die eerste kwartaal van 1971 afgeneem.


Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



Invoer



d.w.s. met 9 persent. Hierdie skerp afname in goedere-uitvoer was die gevolg van aansienlike afnames in die uitvoer van mielies, wol en diamante. As 'n terugblik gewerp word was die prestasie van uitvoere in 1970 baie swak. Inderwaarheid was uitvoere as 'n persentasie van bruto binnelandse produk in 1970 laer as in enige jaar gedurende die na-oorlogse tydperk.

Netto dienstebetalings het gedurende die eerste kwartaal van 1971 afgeneem as gevolg van 'n afname in dienstebetalings en 'n styging in dienste-ontvangstes. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het dienstebetalings vanaf R1 167 miljoen in die vierde kwartaal van 1970 tot R1 107 miljoen in die eerste kwartaal van 1971 afgeneem. Dienste-ontvangstes het aan die ander kant 'n geringe toename vanaf R563 miljoen in die laaste kwartaal van 1970 tot R565 miljoen in die eerste kwartaal van 1971 getoon as gevolg van klein toenames in vervoer- en ander dienste-ontvangstes.

Volgehoue groot netto invloeiing van kapitaal

Netto invloeiing van buitelandse kapitaal ten bedrae van R217 miljoen het gedurende die eerste kwartaal van 1971 voorgekom en het die vorige hoogste kwartaalsyfer, nl. R217 miljoen wat in die vierde kwartaal van 1970 aangeteken is, geëwenaar. Die netto kapitaalinvloeiing na die sentrale regering en bank-

sektor, hoofsaaklik in die vorm van langtermynlenings, het R35 miljoen bedra, terwyl die netto invloeiing na die privaatsektor vir die res, naamlik R182 miljoen, verantwoordelik was, waarvan R39 miljoen deur openbare korporasies ontvang is.

Langtermynkapitaal het R114 miljoen of meer as 62 persent van die netto invloeiing na die private sektor gedurende die eerste kwartaal van 1971 bedra. Dit is betekenisvol dat van hierdie bedrag nie minder nie as R45 miljoen verantwoord is deur netto aankope deur buitelanders van Suid-Afrikaanse effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word. Gedurende 1970 as geheel was effektebeurs-transaksies slegs vir 'n netto invloeiing van R50 miljoen verantwoordelik, sodat die effektebeurs weer eens 'n belangrike kanaal vir die belegging van langtermyn buitelandse fondse in Suid-Afrika was. Die netto invloeiing van korttermynkapitaal na die private sektor, insluitende foute en onaangetekende transaksies, was vir die balans van R68 miljoen verantwoordelik en het hoofsaaklik uit groter handelskrediete, wat met die besonder hoë peil van goedere-invoer verband hou, bestaan.

Matige afname in goud- en buitelandse reserwes

Die netto gevolg van die tekort van R297 miljoen op die lopende rekening en die netto kapitaalinvloeiing van R217 miljoen was 'n afname van R80 miljoen in die goud- en buitelandse valuta-reserwes gedurende die eerste kwartaal van 1971. Met inbegrip van die tweede toekenning van Spesiale Trekkingsregte ten bedrae van R15 miljoen het die totale goud- en buitelandse reserwes met slegs R65 miljoen afgeneem. Gedurende hierdie tydperk het die besit van die regering 'n geringe afname getoon en dié van die Reserwebank het met R45 miljoen afgeneem, terwyl die besit van ander monetêre banke met R19 miljoen gedaal het.

Ontwikkelings gedurende April


Die goud- en buitelandse reserwes van die Reserwebank het gedurende April met 'n verdere R17 miljoen afgeneem terwyl die Regering se besit aan valuta-reserwes met omtrent R1 miljoen toegeneem het. Volgens die statistiek van die Departement van Doeane en Aksyns (nie aangesuiwer vir betalings-balansdoeleindes nie) het invoere vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R3 050 miljoen in Maart tot R2 774 miljoen in April afgeneem terwyl uitvoere vanaf R1 379 miljoen in Maart tot R1 390 miljoen in April toegeneem het.

Monetêre en banktoestand

Styging in geld en kwasi-geld

Nadat dit gedurende 1970 slegs matig met ongeveer 5½ persent gestyg het, het die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die eerste kwartaal van 1971 met net meer as R100 miljoen,

Totale kapitaalbewegings



of 2,6 persent, toegeneem en met 'n verdere R42 miljoen gedurende April. Die afname van ongeveer R80 miljoen in die hoeveelheid geld en kwasi-geld, vóór uitkakeling van die seisoensinvloed, was aansienlik kleiner as wat op grond van seisoensfaktore verwag kon word. Die verhouding van die gemiddelde hoeveelheid geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk, ná uitkakeling van die seisoensinvloed, het vanaf 30,5 persent in die vierde kwartaal van 1970 tot 30,3 persent in die eerste kwartaal van 1971 gedaal.

Daling in netto deposito's van regeringsektor die hooforsaak van toename in geld en kwasi-geld

Soos uit tabel S-28 blyk, was die toename in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die eerste kwartaal van 1971 hoofsaaklik die netto resultaat van 'n aansienlike daling van R156 miljoen in die netto deposito's van die regeringsektor by die banksektor wat veel meer as vergoed het vir die daling van ietwat meer as R100 miljoen in die netto goud- en buitelandse valutareserwes. Die bankkrediet aan die private sektor het 'n matige styging van R46 miljoen getoon en langtermyndeposito's van die private sektor het effens gedaal met R7 miljoen. Gegewens vir April dui egter daarop dat die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke (remises uitgesluit), wat gedurende die eerste kwartaal in sy geheel met soveel as R59 miljoen gedaal het, in April weer gestyg het. Netto deposito's van die regeringsektor by die banksektor het gedurende April verder afgeneem hoofsaaklik as gevolg van seisoensinvloede.


Verbeterde oorskot-likwiditeitsposisie van monetêre banke

Soos die bygaande tabel toon, het die oorskot-likwiede bates van monetêre banke gedurende die tydperk van Februarie tot April aansienlik verbeter vanaf die baie lae peil wat aan die einde van Januarie bereik is. Die belangrikste faktor wat vir die verbetering in die oorskot likwiede bates van die banke oor hierdie tydperk verantwoordelik was, was 'n groot daling in regeringsdeposito's, in die besonder gedurende April.


Oorskot likwiditeit van monetêre bankinstellings

	Bedrae (R m)			Persentasies		
	Des. 1970	Jan. 1971	April 1971	Des. 1970	Jan. 1971	April 1971
Handelsbanke	132	3	125	3,8	0,1	3,6
Aksepbanke	40	16	18	8,2	3,5	3,9
Monetêre huurkoop- en algemene banke	48	15	21	4,2	1,3	1,8
Totaal	220	34	163	4,3	0,7	3,2

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



Verruiming van die toestand op die geldmark

Daggeldlenings aan die diskontohuise het aansienlik toegeneem vanaf die lae peil van R124 miljoen aan die einde van Januarie 1971 tot R266 miljoen aan die einde van Februarie, R353 miljoen aan die einde van Maart, en die nuwe rekord van R422 miljoen aan die einde van April. As gevolg hiervan is hul lenings van die Reserwebank van R239 miljoen aan die einde van Januarie (63 persent van die totale bates van die diskontohuise) tot minder as R3 miljoen aan die einde van April verminder. Die toename in daggeldlenings was grotendeels 'n weerspieëling van die verruiming van die toestand op die geldmark as gevolg van die grootskaalse mate waarin staatseffekte nie in Februarie omgesit is nie en van 'n verdere daling in regerings-deposito's in April.

Korttermynrentekoerse

Gedurende die laaste vyf maande van 1970 en Januarie 1971 het die skatkiswissel-tenderkoers betreklik stadig vanaf 4,32 persent op 17 Julie 1970 tot 4,64 persent op 5 Februarie 1971 gestyg en daarna vinniger gestyg tot 5,05 persent op 19 Maart. Ná die verhoging van die Bankkoers van $5\frac{1}{2}$ tot $6\frac{1}{2}$ persent op 31 Maart het die koers op 8 April 5,58 persent bereik maar sedertdien, in ooreenstemming met die verdere verruiming van die geldmark, tot 5,52 persent op 28 Mei gedaal.

Ander geldmarkkoerse het, hoewel met groter skommelings, ook geneig om 'n verruiming van die toestand te weerspieël maar het, in ooreenstemming met die hoër Bankkoers en skatkiswissel-tenderkoers, in vergelyking met dieselfde tydperk in 1970 op 'n betreklik hoë peil gebly. Die basiese daggeldkoers van die diskontohuise het vanaf 6,0 persent aan die einde van Januarie tot 5,36 persent op 14 Mei gedaal en was vanaf vroeg in April laer as die heersende tenderkoers. Die koerse op verhandelbare deposito-sertifikate en bankaksepte van 90 dae het oor dieselfde tydperk vanaf 8,6 tot 8,2 persent en vanaf 7,8 tot 7,4 persent, onderskeidelik, gedaal.

Die depositorentekoerse van die handelsbanke het gedaal vanaf die baie hoë koerse wat aan die einde van Januarie op groot deposito's gekwoteer is. In die begin van Mei het die patroon die volgende getoon:

Kennisgewingdeposito's van 7, 31 en 88 tot 91 dae: 4 tot $4\frac{1}{4}$; 5 tot $5\frac{3}{4}$ en $5\frac{1}{2}$ tot $6\frac{3}{4}$ persent, onderskeidelik;

Vaste deposito's van 6 en 12 maande: $6\frac{1}{4}$ tot 7 en $7\frac{1}{2}$ persent, onderskeidelik;

Kennisgewingdeposito's van 12 maande: $7\frac{1}{2}$ tot 8 persent.

Die prima-uitleenkoers van die handelsbanke is met ingang 1 Mei van $8\frac{1}{2}$ tot 9 persent verhoog. By die aankondiging van hierdie verhoging het die banke dit duidelik gestel dat hierdie verhoging nie op grond van die tegniese opwaartse aanpassing van die Bankkoers op 31 Maart aangebring is nie, maar dat

hul koste in so 'n mate gestyg het dat 'n aanpassing noodsaaklik geword het. Hulle het ook daarvan melding gemaak dat dit nie hul bedoeling was om hul depositokoerse te verhoog nie.

Monetêre beleid

Ten einde die maatreëls wat in die Begroting opgeneem is aan te vul, het die Reserwebank op die dag van die Begroting (d.w.s. op 31 Maart 1971) die Bankkoers van $5\frac{1}{2}$ na $6\frac{1}{2}$ persent verhoog en opwaartse aanpassings in sy stel koerse op staatseffekte aangebring. Die opbrengskoerse op korttermyn-effekte is met 1 persent na $6\frac{1}{2}$ persent, en dié op langtermyn-effekte met $\frac{3}{4}$ persent na $8\frac{1}{2}$ persent verhoog. Afgesien van 'n toegewing van 2 persent met betrekking tot krediet aan die landbousektor wat in 'n vroeëre aankondiging toegestaan is, is die kredietplafonne op bankkrediet sowel as die likwiede batevereistes onveranderd gelaat. Die riglyne wat met betrekking tot die prioriteite by kredietverlening vir die banke gestel is, is herhaal, nl. dat krediet vir produksie- en uitvoerdoeleindes voorkeur behoort te geniet en, waar moontlik, krediet vir nie-noodsaaklike invoere, verbruik en spekulاسie behoort te vervang.

Staatsfinansies

Skatkiskort in groot mate deur buitelandse en banksektor gefinansier

Die bygaande tabel toon die vernaamste kenmerke van die finansiering van die Skatkis se totale tekort

Skatkisfinansies		R miljoene	
		Jaar geëindig	
		31 Maart	
		1970	1971
Totale netto ontvangstes		2 142	2 322
Totale netto uitreikings		2 534	2 743
Totale tekort (uitsonderd lenings)		392	421
Finansiering:			
Verandering in netto skuldposisie teenoor:			
Buitelandse sektor		51	122
Private nie-banksektor:			
Leningsheffings		23	48
Ander		37	-5
Staatskuldkommissarisse		290	126
Betaalmeestergeneraal		—	33
Sub-totaal		401	324
Monetêre banksektor:			
Verandering in besit aan staatspapier		-65	-83
Verandering in Skatkissaldo*		65	180
Sub-totaal		-9	97
Totale finansiering		392	421

*Toename —, afname +. Insluitende netto oordragte na die Stabilisasier rekening.

gedurende die afgelope twee boekjare en die mate waarin die Skatkis verplig was om die tekort uit buitelandse en bankbronne te finansier. Hierdie ontwikkeling was die gevolg van die teleurstellende ondersteuning van die private nie-banksektor en 'n veel kleiner bydrae deur die Staatskuldkommissaris.

Die 1971/72-Begroting

Die hooftema van die 1971/72-Begroting was om inflasionistiese druk in bedwang te hou deur die snelle toename in private verbruiksbesteding te beteuel en om besparings aan te moedig. Die leningsheffing op individue is op 'n gyskaal van 10 na 20 persent en dié op maatskappye van $2\frac{1}{2}$ na $7\frac{1}{2}$ persent verhoog terwyl 'n heffing van $7\frac{1}{2}$ persent op dividendontvangste van maatskappye ingestel is. Die toeslag op individue is van 5 na 10 persent verhoog en indirekte belasting op verskeie goedere is ook verhoog. Om besparings aan te moedig en fondse van die publiek te trek is die uitgifte van nuwe sewejar premie-obligasies met aantreklike rentekoerse aangekondig.

Kapitaalmarkontwikkelings

Onewewigtigheid in die mark vir vaste-rentedraende effekte


Alhoewel langtermynrentekoerse gedurende die vierde kwartaal van 1970 bestendig gebly het, het die vraag na fondse in die mark vir vaste-rentedraende effekte nog steeds die aanbod oortref en 'n verdere opwaartse beweging van langtermynrentekoerse het inderdaad gedurende die eerste kwartaal en in April 1971 voorgekom. Die opbrengskoers op langtermynstaats-effekte is op 31 Maart vanaf $7\frac{3}{4}$ tot $8\frac{1}{2}$ persent verhoog en die opbrengskoers op nuwe uitgifte van semi-prima-effekte het daarna vanaf ongeveer 8,79–8,85 persent tot 'n peil van 9,25–9,44 persent gestyg. Vóór die verhoging van die opbrengskoers op staats-effekte, het die opbrengskoers op nuwe uitgifte van maatskappy-obligasies vanaf die peil van 10 persent aan die einde van 1970 tot 10,25–10,50 persent toegeneem, maar die styging in die opbrengskoerse op prima- en semi-prima-effekte het nie die peil van hierdie opbrengskoerse merkbaar beïnvloed nie.

As gevolg van hierdie aanpassings in langtermynrentekoerse, het die gapings tussen die verskillende rentekoerse ook verander. Die marge tussen die langtermynopbrengskoers op semi-prima-effekte en op staats-effekte, wat ongeveer 1,1 persent voor die einde van Maart was, het daarna tot 'n gaping van 0,75–0,94 persent gedaal. Insgelyks het die rendementsgaping tussen maatskappyobligasies en staats-effekte vanaf 2,50–2,75 persent tot 1,75–2,00 persent verminder.

Matige herstel in aandelepryse

Gedurende die eerste kwartaal en April het die pryse van alle klasse aandele 'n matige styging getoon.

Rente- en opbrengskoerse



Die hernieude belangstelling van buitelanders het tot hierdie oplewing bygedra en van die totale waarde van aandele wat gedurende die eerste kwartaal op die effektebeurs verhandel is, naamlik R154 miljoen, het R63 miljoen aankope deur buitelanders verteenwoordig. Netto aankope deur buitelanders het R45 miljoen gedurende hierdie tydperk bedra, vergeleke met R51 miljoen gedurende die jaar 1970 en die rekordbedrag van R101 miljoen gedurende 1968.


Die pryse van goudmynaandele het gedurende die eerste vier maande van 1971 met 9 persent gestyg, terwyl die pryse van ander mynaandele met 8 persent toegeneem het. Die ooreenstemmende stygings in die pryse van finansiële aandele en nywerheids- en handelsaandele was onderskeidelik 12 en 14 persent. Nieteenstaande hoër dividenduitkerings, het die opbrengskoerse op verskillende klasse aandele gedurende die eerste vier maande van 1971 effens gedaal as gevolg van die hoër aandelepryse. Indien die opbrengskoers op nywerheids- en handelsaandele met dié op langtermynstaats-effekte vergelyk word, blyk dit dat die omgekeerde rendementsgaping

aanmerklik vergroot het, naamlik vanaf 1,4 persent in Desember 1970 tot 2,5 persent in April vanjaar.


Die matige herstel van aandelepryse op die effektebeurs het tot 'n kleiner afvloeiing van fondse uit die effeketrusts gelei. Die stygende pryse het ook 'n gunstige uitwerking op die markwaarde van die

trusts se portefeuljes gehad, maar laasgenoemde is nadelig getref deur die verhoging in die rentekoerse op vaste-rentedraende effekte. Die gemiddelde peil van verkooppriyse van onderaandele in Maart het ooreengestem met dié in Desember 1970, terwyl die gemiddelde opbrengskoers op onderaandele vanaf 3,9 persent in Desember tot 4,1 persent in Maart gestyg het.

Aandelepryse



Aantal aandele verhandel op die Johannesburgse Effektebeurs



Invloeiing van fondse na bouverenigings

Gedurende die eerste kwartaal het die toename in deposito's en aandele van die bouverenigings R124 miljoen beloop, vergeleke met R97 miljoen gedurende die vorige kwartaal en die rekordbedrag van R144 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1970. 'n Aansienlike styging van R81 miljoen in die fondse van bouverenigings het gedurende Maart voorgekom en alhoewel dit gedeeltelik aan seisoensoorsaake te danke was, het die seisoensaangesuiwerde syfer van R53 miljoen die vergelykbare rekordsyfer vir September 1970 oortref. Vaste deposito's het gedurende die eerste kwartaal van 1971 R54 miljoen tot die beskikbare middele bygedra, terwyl die toenames in spaar-deposito's en aandelekapitaal onderskeidelik R12 miljoen en R60 miljoen bedra het. Van laasgenoemde bedrag was R40 miljoen 'n netto toevoeging tot belastingvrye onbepaalde-termyn- en subskripsie-aandele, R13 miljoen 'n netto belegging in opbetaalde vastetermynaandele en R7 miljoen 'n toename in onbepaalde-termynaandele wat nie aan die belasting-toeweging onderhewig is nie.

Die bouverenigings het die nuwe fondse, tesame met die bedrae wat as kapitaaldelgings op bestaande lenings ontvang is, gebruik om nuwe voorskotte toe te staan wat R151 miljoen gedurende die eerste kwartaal bedra het, vergeleke met R183 miljoen gedurende die vorige kwartaal. Terselfdertyd het die bouverenigings hul verpligtinge ten opsigte van voorskotte toegestaan maar nog nie uitbetaal nie met R31 miljoen verminder. Die bedrag aan uitstaande verbandlenings het met R90 miljoen toegeneem, terwyl 'n netto bedrag van R10 miljoen by wyse van lenings teen aandele en deposito's toegestaan is.

Gedurende April 1971 het die bouverenigings nuwe fondse ten bedrae van slegs R14 miljoen getrek, terwyl nuwe voorskotte toegestaan met R56 miljoen toegeneem het vergeleke met 'n gemiddelde maandelikse toename van R50 miljoen gedurende die eerste drie maande van 1971.

Opmerking oor tabelle

Die aandag word weer eens gevestig op die feit dat sommige van die syfers wat in die Kwartaalblad verskyn, een keer per jaar in die Junie-uitgawe hersien word. Alle reekse waarvan die seisoensinvloed uitgeskakel is, is hersien, nie alleen om veranderde seisoenspatrone in ag te neem nie maar ook as gevolg van hersienings van die basiese gegewens.